Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

# HOOFSTUK 4

# 'n EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE KERKLIKE JAAR IN DIE PREDIKING VAN DIE NG KERK

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangesluit by die konsepte wat in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is as dié wat belangrik vir die empiriese ondersoek, sodat dit op 'n geloofwaardige wyse in die volgende hoofstuk in die verstelde praktykteorie wat voorgestel word, verreken kan word. Dit word gedoen deur verslag te lewer van die empiriese ondersoek wat onderneem is. Die huidige stand van sake m.b.t. die navorsingsprobleem in die NG Kerk word aangetoon en die tendense wat vir die verstaan van die navorsingsprobleem belangrik is, word aangedui. Hier word van kwantitatiewe navorsing, n.a.v. 'n vraelys wat aan predikante van gemeentes van die NG Kerk gepos is en verwerk is, gebruik gemaak. Die gegewens wat versamel is, word hier ondersoek, geïntegreer en bespreek. Die metode en instrumente vir die ondersoek word verduidelik, maar nie hier beredeneer nie, aangesien dit gebaseer is op 'n verantwoordbare, betroubare en geldige metodologie, wat reeds aanvaar is in die sosiale wetenskappe waarin dit ontwikkel is en gebruik word.

Die bydrae van 'n kwantitatiewe ondersoek lê veral in die geldigheid, betroubaarheid en die reikwydte van die resultate wat noukeurig vasgestel kan word (vgl Pieterse 1993:86). Teenoor 'n *kwalitatiewe benadering*, as daardie benadering waarvan die prosedures nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie en die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosoferende wyse te werk gegaan word, is die *kwantitatiewe benadering* meer geformaliseerd, sowel as eksplisiet gekontroleerd, met 'n meer presies afgebakende reikwydte en relatief na aan die benaderings van die natuurwetenskappe geleë. Langs hierdie weg word gestelde hipoteses getoets en enkele veranderlikes indringend bestudeer (Mouton & Marais 1989:157, 172).

## 4.2 DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Vroeër (vgl 1.2) is aangedui dat in die ondersoek gewerk word met die *voorveronderstelling* dat daar 'n probleem bestaan m.b.t. die prediking van gemeentes in die NG Kerk.

Die *probleem* wat hier empiries ondersoek word hou spesifiek verband met die benutting van die kerklike jaar deur predikante van die NG Kerk, want alhoewel daar reeds veel nagedink is oor die kerklike jaar, is die praktiese funksionering daarvan in die prediking van die NG Kerk nog nêrens empiries getoets nie. 'n Verdere vermoede is dat die kerklike jaar beter kan funksioneer in die prediking van die NG Kerk as wat dit tans die geval is. Buiten dat die empiriese ondersoek kan vasstel of die hipotese waar is, kan dit verder help om vas te stel waar leemtes in die praxis bestaan.

Indien die *basiese hipotese* vir die studie, naamlik dat daar 'n gedeeltelike disfunksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk is, as waar bewys is, noodsaak dit sekere aanpassings in die praktyk. Daar is reeds in die literatuurondersoek (vgl Hoofstuk 3) vasgestel dat die kerklike jaar benut kan word in die prediking van die NG Kerk en indien dit uit die empiriese ondersoek blyk dat die kerklike jaar beter benut kan word, sal hierdie hipotese as bewese beskou kan word. Deur die inligting wat in die literatuurondersoek ingesamel is en die inligting wat uit die empiriese ondersoek ingewin word met mekaar in verband te bring, kan 'n verstelling in die praxis bewerk word.

## 4.3 METODE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.3.1 Die vraelys as meetinstrument

Hierdie ondersoek kon op enige van verskeie maniere onderneem word. Volgens Pieterse (1993:178) word daar in kwantitatiewe ondersoeke gewoonlik gebruik gemaak van die sosiale opname (*survey*) en kwasi-eksperimentele navorsingontwerpe. Die instrumente wat vir die opnames gebruik word, is gewoonlik vraelyste (*questionnaires*). Nadat data ingesamel is, word dit aan statistiese toetsing onderwerp en word die bevindinge geëvalueer a.h.v. die konseptualisering van die probleemstelling. Op hierdie manier word dus 'n interdissiplinêre benadering gevolg in 'n konvergensiemodel tussen die sosiale wetenskappe en die praktiese teologie waarin hermeneuties gereflekteer word op die resultate wat deur 'n sosiaal-wetenskaplike wyse verkry is (vgl ook Dingemans 1990:60-61; 1.5).

### 4.3.2 Voor- en nadele van die vraelys as meetinstrument

Hier is gekies vir 'n posvraelys, aangesien dit meer voordele as nadele inhou. Enkele van die voordele is dat respondente die vryheid geniet om te antwoord al dan nie en dat 'n

groter mate van geldigheid verseker word aangesien respondente se antwoorde anoniem is, asook dat 'n groot geografiese area binne 'n kort tydsbestek gedek kan word en dat die eenheidskoste relatief laag is. Verder is die verwerking van resultate redelik maklik en vinnig en 'n verskeidenheid data wat uit die vraelys verkry is, kan met mekaar vergelyk word. Nog 'n voordeel is dat die vraelys volgens uniforme en gespesifiseerde instruksies afgelê word, nagesien en beoordeel word en die menings wat gemeet word, duidelik gedfinieer en gekonstueer word. Hiermee saam kan 'n groter mate van toetsobjektiwiteit verkry word aangesien die subjektiwiteit van die toetsopnemer uitgeskakel word (vgl Behr 1983:150; Mouton & Marais 1989:91; Smit 1987:6-9).

Hierdie metode hou egter ook, net soos enige ander metode, nadele in. Die nadele van hierdie metode sluit in 'n hoë nie-responskoers (wat die verteenwoordiging van die vraelys beïnvloed), negatiwiteit wat by mense bestaan teenoor vraelyste, onpersoonlikheid en die gebrek aan kontrole omdat dit nie in die navorser se teenwoordigheid gedoen word nie. Nadele soos dat die metode beperk is tot geletterde persone en dat die adresse vooraf beskikbaar moet wees, is nie 'n in hierdie ondersoek 'n belemmering nie, aangesien die respondente almal geletterde persone is en die adresse vanweë die kerklike strukture beskikbaar is. Die hoë nie-responskoers is vooraf in ag geneem en daar is hiervoor voorsiening gemaak deur meer vraelyste uit te stuur as wat vereis was om verteenwoordigend te wees (vgl Mouton & Marais 1989:91; Smit 1987:6-9).

### 4.3.3 Die betroubaarheid en geldigheid van die vraelys as ondersoek

Navorsingsresultate is betroubaar indien die meetinstrument op verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings sal lei. Omdat die meeste toetse nie absoluut betroubaar is nie, kan identiese resultate nie verwag word nie, maar 'n sekere mate van ooreenkoms kan tog verwag word. In die proses van data-insameling is die sentrale geldigheidsoorweging dus *betroubaarheid*.

Geldigheid verwys na die mate van waarheidsgelykenis, of te wel na die mate wat die meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet. Die oorkoepelende doelstelling van alle geesteswetenskaplike navorsing, is *"om geldige bevindinge te genereer, dit wil sê bevindinge wat so werklikheidsgetrou as moontlik is"* (Mouton & Marais 1989:15). In die

verloop van die ondersoek - en veral hier, in die empiriese komponent - is deurgaans seker gemaak dat aan albei hierdie vereistes voldoen is.

### 4.3.4 Die verloop van die empiriese ondersoek

Nadat deur die literatuurondersoek bepaal is *wat* empiries ondersoek moet word, is 'n vraelys opgestel in samewerking met my studieleier professor CJA Vos, asook professor CF Smit en Me Elana Mauer, onderskeidelik van die Departement Statistiek en die Departement Inligtingstegnologie aan die Universiteit van Pretoria. Dr Kobus Schoeman, wie betrokke is by die Kerkspieël-navorsing, se advies is ook ingewin. Hierdie vraelys is verfyn en 'n loodsondersoek is gedoen deurdat die vraelys aan tien predikante (vyf van Pretoria en vyf van Polokwane) verskaf is en hulle versoek is om dit te voltooi en kritiese kommentaar daarop te lewer. Hierna is die vraelys verder verfyn en op 26 Mei 2003 is dit tesame met 'n dekbrief en 'n gefrankeerde koevert versend aan vierhonderd predikante. Die respondente se adresse is verkry uit die Jaarboek van NG Kerke (2003:241-279).

Toestemming vir die ondersoek is verkry d.m.v. 'n dekbrief waarin die doel en die aard van die studie aan elkeen van die respondente verduidelik is. Hierdie dekbrief, waarin die doel van die ondersoek verduidelik is, die anonimiteit van die respondent verseker is en die belangrikheid van deelname beklemtoon is, is geskryf vanuit die Fakulteit Teologie, Departement Praktiese Teologie van die NG Kerk aan die Universiteit van Pretoria en onderteken deur professor CJA Vos (vgl Bylaag 2).

### 4.3.5 Respons en datavaslegging

Nadat daar vir drie maande gewag is dat die vraelyste terug ontvang word, is 'n totaal van 196 vraelyste terug ontvang en kon die finale datavaslegging en verwerkings teen 30 September 2003 gedoen wees. Die datavaslegging is gedoen deur die Departement Rekenaarondersteuning van die Universiteit van Pretoria en rekenaartoetse is ook met hulle hulp gedoen. Die interpretasie van die vraelyste is gedoen met die hulp van die Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria. Die respons was net minder as die helfte van die vierhonderd vraelyste wat uitgestuur is, maar verteenwoordig nogtans meer as tien persent (196 uit 1 835 = 10.68%) van die predikante in die NG Kerk.

## 4.4 VRAELYSONTWERP EN STEEKPROEFTREKKING

### 4.4.1 VRAELYS-INDELING

In die ontwerp van die vraelys en die gepaardgaande operasionalisering van die hipoteses, is aandag geskenk aan algemeen-beskrywende inligting van die respondent, inligting wat verband hou met inskrywings in die kerklike jaar, vrae oor die houdings van predikers m.b.t. die kerklike jaar en die manier waarop hulle dit in hulle prediking in ag neem, asook vrae oor die manier waarop die kerklike jaar in die praktyk gebruik word, ook i.v.m. ander gemeentelike aktiwiteite.

Die eerste deel van die vraelys verduidelik die doel van die ondersoek en verskaf ook instruksies oor hoe die vraelys voltooi moet word. Daarna word vrae (1 tot 4; verander-likes 2-8) van 'n persoonlike aard gestel oor die agtergrond en konteks van die respondent. Verdere agtergrondinligting word verkry uit vrae (5 en 6; veranderlikes 9-10), wat verband hou met die respondent se verdere formele opleiding t.o.v. die prediking en of hy al enigsins nagelees het oor die kerklike jaar. Vraag 7 ( veranderlikes 11-14) is ingesluit om inligting in te win oor die gebruik van leesroosters in die bepaling van tekskeuses vir die prediking. Hierna (vraag 8; veranderlikes 15-23) word bepaal of die kerklike jaar bewustelik in ag geneem word in die prediking, liturgie en ander gemeentelike aktiwiteite en vrae word gevra oor die houding van respondente jeens die kerklike jaar en hulle bereidwilligheid om voortdurend aandag te verleen aan die kerklike jaar in die prediking en gemeentelike lewe en arbeid indien hulle behoorlike riglyne daarvoor sou ontvang.

Vervolgens is respondente gevra (vraag 9; veranderlikes 24-63) om aan te dui of hulle hulle tekskeuse en prediking laat beïnvloed het deur spesifieke inskrywings in die kerklike jaar. Hier is 'n chronologiese lys vanaf 1 Januarie opgestel en respondente moes elke keer net aandui of hulle hulle tekskeuse en prediking laat beïnvloed het deur die betrokke inskrywing in die kerklike jaar. Die primêre vieringe van die kerklike jaar, Christologiese dae, inskrywings wat in die Jaarboek van NG Kerke (2003:32) aangedui is en ander dae wat by 'n breër definiëring van die kerklike jaar ingesluit kan word (vgl 3.4.2), is hier deurmekaar gelys. Belangrike geleenthede in die kerklike jaar, wat nie op 'n Sondag val nie, is ook gelys sodat respondente kon aandui (vraag 10; veranderlikes 64-69) of hierdie geleenthede ook in die praktyk aandag ontvang, of nie. Hiernaas is respondente gevra of

hulle hulle tekskeuse en prediking laat beïnvloed het deur geleenthede soos die doop en nagmaal (vraag 11; veranderlikes 70-74) en of hulle hierdie geleenthede of die inskrywings in die kerklike jaar voorkeur laat geniet het wanneer die geleenthede met mekaar saamgeval het (vraag 12; veranderlikes 75-79). Ten slotte is algemene vrae (vraag 13; veranderlikes 80-83) gevra oor praktiese aangeleenthede soos of die doop op die eerste Sondag van die maand bedien is, of 'n kalender wat gemeentelike aktiwiteite aandui aan lidmate verskaf word, of die gemeente se aktiwiteite gedurende die skoolvakansies afgeskaal word en of 'n Ou-/Nuwejaarsdiens gehou is.

Al die vrae wat verband hou met die gebruik van die kerklike jaar is gekoppel aan die tydperk 2002/2003 om dit binne 'n bepaalde konteks te plaas en t.w.v. relevansie. Dit sou niks oor die huidige praktyk rondom die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk gesê het indien 'n respondent byvoorbeeld aangedui het dat hy sy tekskeuse deur Aswoensdag laat beïnvloed het, maar dit reeds in 1980 gedoen is en hy dit nie nou meer doen nie.

### 4.4.2 STEEKPROEFTREKKING

Die populasie vir die empiriese ondersoek is die predikante van die NG Kerk. Aan die begin van 2003 was daar 1 835 predikante in die NG Kerk (Jaarboek van NG Kerke 2003:5; 363-365). Hierdie totaal is na die volgende eenheidsgetal afgerond en 'n steekproef van 400 is uit die populasie van 1 200 (afgerond) getrek ooreenkomstig 'n sistematiese, ewekansige bepaling waarin elke populasie-element 'n gelyke kans gehad het om getrek te word (vgl Steyn, Smit & Du Toit 1984:18). 'n Totaal van 196 . Indien dit in ag geneem word dat dit nodig was om slegs 200 vraelyste uit te stuur, kom dit daarop neer dat die 196 vraelyste wat terug ontvang is, dui op 'n respons van 98%. Die resultaat kan dus beskou word as uiters verteenwoordigend van die populasie.

Alhoewel dit nie vir die doeleindes van die ondersoek nodig was om die tipe gemeentes en die sinodale gebiede in berekening te neem nie, omdat die fokus op die predikers van die NG Kerk is (wat ook oor en weer in ander gemeentes as hul eie eredienste lei) en nie soseer die gemeentes of sinodale gebiede waarin gepreek word nie, is hierdie inligting tog ingesamel t.w.v. doeleindes van verwysing en sodat dit beskikbaar kan wees indien daar enige verdere verwantskappe, ook enige wat nie met die doeleindes van hierdie ondersoek

verband hou nie, getrek sou wou word. Hierdie inligting sou ook deur ander navorsers gebruik kon word om met hulle eie steekproewe te vergelyk i.t.v. die mobiliteit in die populasie. Die gemeentes is in die voetspoor van Kerkspieël IV (Bisschoff & Schoeman 1993:7) van mekaar onderskei in vyf kategorieë (vgl 4.4.5.2).

Na deeglike besinning is besluit om die predikante wat buite die grense van Suid-Afrika woonagtig is (vgl 4.4.5.2), nie by die steekproef in te sluit nie, hoofsaaklik vanweë praktiese redes (soos bereikbaarheid). Daar is ook gereken dat hierdie deel van die populasie (73 uit 1 835 = 3.9%) se mening verteenwoordig sal wees in dié van die res van die populasie en dat die weglating van hierdie groep nie enige beduidende afwyking van die uiteindelike reslutate wat ingewin is, te weeg sou bring nie.

## 4.5 BESPREKING VAN GEGEWENS

### 4.5.1 WYSE VAN INTERPRETASIE

Die interpretasie van die inligting verloop in drie fases (vgl Bisschoff 1991:153-154; Schoeman 1995:235-236; Nell 1996:278):

- Eerstens word daar 'n *algemene rapport*, wat een-veranderlik werk, van die gegewens, hoofsaaklik in tabelformaat, gegee. Tydens hierdie *beskrywende fase* val die klem op frekwensie en persentasie en word voor die handliggende tendense uitgewys;
- Vervolgens word, by wyse van twee-rigting klassifikasie en meervoudige toetsing, gesoek na *onderlinge verbande* waarvolgens die hipoteses getoets kan word; en
- In die derde fase word gepoog om 'n *samevatting en interpretasie* van die gerapporteerde gegewens te doen.

### 4.5.2 ALGEMENE RAPPORT

#### 4.5.2.1 Biografiese gegewens (vrae 1 tot 4)

Die vrae van biografiese aard is primêr ingesluit om 'n profiel van die respondente daar te stel. Dit word verder gedoen om vas te stel hoe verteenwoordigend dit is van die profiel van die NG Kerk en ook die geldigheid van die steekproef te toets deur dit te vergelyk met gegewens wat uit die Kerkspieël-navorsing verkry is.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

**Ouderdom van respondente (Veranderlike 2)**

| Ouderdom | f | % | KS 2000 % | KS 1996 % |
|---|---|---|---|---|
| **Tot 30 jaar** | 4 | 2.04 | 5.5 | 9.0 |
| **31-40** | 43 | 21.94 | 30.3 | 40.1 |
| **41-50** | 97 | 49.48 | 43.3 | 32.7 |
| **51 tot 60** | 43 | 21.94 | 18.7 | 16.3 |
| **Bo 60** | 9 | 4.6 | 2.2 | 1.9 |
| **N** | 196 | | | |

**TABEL 37: OUDERDOMSVERDELING VAN RESPONDENTE**

Die jongste respondent is 26 jaar oud en die oudste een 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die respondente is 45.5 jaar. Die afwyking van Kerkspieël 2000 is nie beduidend nie en die steekproef is redelik verteenwoordigend van die ouderdomsprofiel in die NG Kerk oor die algemeen. In die vergelyking met Kerkspieël 2000 moet in ag geneem word dat hierdie ondersoek drie jaar later as eersgenoemde onderneem is en dat die verskuiwing wat sedertdien plaasgevind het, nie hierin weerspieël word nie. Verder moet die verskuiwing wat plaasgevind het tussen Kerkspieël 1996 en Kerkspieël 2000 ook in ag geneem word. Die afwaartse koers in die groepe tot 30 jaar (= -3.46%) en 31-40 jaar (= -8.36%) én die toename by die ander groepe (6.18%, 3.24% en 2.4%) word volgens die steekproef in hierdie ondersoek in 2003 voortgesit en dit stem baie ooreen met die verskil tussen die twee Kerkspieël-ondersoeke.

**Aantal jare in die gemeentelike bediening (Veranderlike 3)**

| Diensjare | f | % | KS 2000 % |
|---|---|---|---|
| **Onseker** | -82847 | - | 2.2 |
| **1-5** | | 4.08 | 11.0 |
| **6-10** | | 14.29 | 19.7 |
| **11-15** | | 23.98 | 18.7 |
| **16-20** | 48 | 24.49 | 23.3 |
| **21-25** | 31 | 15.82 | 12.0 |
| **26-30** | 20 | 10.20 | 7.6 |
| **31-35** | 9 | 4.59 | 4.3 |
| **36 jaar en meer** | 5 | 2.55 | 1.2 |
| **N** | 196 | | |

**TABEL 38: JARE IN GEMEENTELIKE BEDIENING**

Die gemiddelde aantal van die die respondente se aantal jare in die gemeentelike bediening is 17 jaar. Die 1 tot 5 jaar groep het tussen 1996 en 2000 nog verder afgeneem (-6.3%) as wat die geval was tussen 1993 en 1996 (- 4.3%) en die tendens duur dus voort volgens hierdie ondersoek. Die groei in die 16 tot 20 jaar groep het ook toegeneem van 17.5% (1996) tot 23.3% (2000) na 24.49%. Die resultaat van hierdie ondersoek stem ook hierin ooreen met die tendens wat volgens die Kerkspieël-ondersoeke waargeneem word.

**Aantal jare in die huidige gemeente (Veranderlike 4)**

| AANTAL JARE | f | % | KS 2000 % |
|---|---|---|---|
| **1-5 jaar** | 50 | 25.51 | 31.6 |
| **6-10 jaar** | 41 | 20.92 | 27.4 |
| **11-15 jaar** | 52 | 26.53 | 19.8 |
| **16-20 jaar** | 35 | 17.86 | 16.4 |
| **21-25 jaar +** | 13 | 6.63 | 4.0 |
| **26 jaar en meer** | 5 | 2.55 | 0.8 |
| **N** | 196 | | |

**TABEL 39: AANTAL JARE IN HUIDIGE GEMEENTE**

Uit hierdie aanduiding blyk dit dat die swaartepunt van die normaalverdeling in die bedieningsgroep 11-15 jaar lê. Meer as die helfte (53.57%) van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het is 11 jaar of langer in hulle huidige gemeente werksaam. In die vergelyking met Kerkspieël 2000, is hier 'n toename (12.67%) oor die afgelope drie jaar. Omdat hierdie vraag nie in die vorige Kerkspieël-ondersoeke gevra is nie, kan die tendens hierin nie nader vergelyk word nie. Die drie jaar wat verloop het tussen die twee ondersoeke kan ook 'n faktor hierin wees. Die 11 jaar of langer wat sommige van die predikante in hulle huidige gemeente werksaam is, is hoër as die gemiddelde tydperk wat predikante as ideaal beskou, naamlik 10 jaar (die mediaan is 8.5 jaar) (Bisschoff & Schoeman 2003:54).

**Respondente per sinodale gebied (Veranderlike 5)**

| SINODALE GEBIED | f | % | % VAN SINODALE GEBIED |
|---|---|---|---|
| **Suid- en Weskaap** | 42219 | 21.43 | 10.42 |
| **Oos-Kaap** | | 10.71 | 15.10 |
| **Noord-Kaap** | | 4.59 | 11.11 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Natal** | 132025331320 | 6.63 | 15.85 |
| **Oranje-Vrystaat** | | 10.20 | 8.88 |
| **Wes-Transvaal** | | 12.76 | 12.75 |
| **Noord-Transvaal** | | 16.84 | 13.09 |
| **Suid-Transvaal** | | 6.63 | 6.59 |
| **Oos-Transvaal** | | 10.20 | 10.69 |
| **N** | 196 | | |

**TABEL 40: RESPONDENTE PER SINODALE GEBIED**

Die respondente is redelik eweredig versprei oor die land. Die vergelyking tussen die aantal respondente en die aantal predikers per sinodale gebied (volgens die Jaarboek 2003) is hier ingevoeg bloot ter wille van interessantheid, aangesien die predikantekorps as sodanig die fokus van die studie is en nie die sinodale gebied waarin die predikers hulle ten tyde van die ondersoek bevind het nie. 'n Prediker kan immers enige tyd na 'n ander gebied verhuis. Wanneer die gegewens hier vergelyk word met die responstendens in Kerkspieël 2000, waarin 'n vergelyking getref word tussen die aantal predikante per sinodale gebied en die aantal wat gereageer het op die versoek om hulle vraelyste in te vul en in te stuur, is daar nie 'n noemenswaardige afwyking nie.

**Tipe gemeente (Veranderlike 6)**

| TIPE GEMEENTE | f | % | KS 2000 % |
|---|---|---|---|
| **Klein platteland** | 30 | 15.31 | 12 |
| **Platteland** | 41 | 20.92 | 16 |
| **Groot dorp** | 53 | 27.04 | 16 |
| **Woonstel** | 8 | 4.08 | 9 |
| **Voorstad** | 64 | 32.65 | 47 |
| **N** | 196 | | |

**TABEL 41: TIPE GEMEENTE**

Die grootste persentasie (32.64%) van die respondente is werksaam in voorstedelike gemeentes. Die verdeling is redelik oneweredig, veral m.b.t. klein plattelandse en woonstel- en buitengewone gemeentes. In vergelyking met die gegewens van Kerk-spieël 2000 is dit egter verteenwoordigend van die profiel in die NG Kerk, aangesien die meeste respondente in voorstedelike gemeentes werksaam is en die volgorde van verspreiding verder ook dieselfde is.

**Grootte van gemeente (Veranderlike 7)**

| Gemeentegrootte | f | % |
|---|---|---|
| Tot 650 | 53 | 27.46 |
| 651-1 300 | 55 | 28.50 |
| 1 301-1 950 | 31 | 16.06 |
| 1 951-2 600 | 33 | 17.10 |
| 2 601-3 250 | 10 | 5.18 |
| 3 251-3 999 | 3 | 1.55 |
| 4 000 en meer | 8 | 4.15 |
| N | 193 | |

**TABEL 42: GEMEENTEGROOTTE**

Een van die respondente is 'n prediker in 'n gemeente met 16 000 lidmate en een in gemeente met 140 lidmate. Die mediaan van 1 200 lidmate per gemeente is meer betroubaar, aangesien die een gemeente met 16 000 lidmate die gemiddelde optrek tot by 1 500. Drie respondente het hierdie vraag nie voltooi nie. Die meeste respon-dente is predikers in gemeentes wat ongeveer 500 lidmate het. Volgens Kerkspieël 2000 het die getal belydende lidmate vanaf 1981 (764) tot 2000 (765) baie naby aan dieselfde gebly, terwyl die getal dooplidmate gedaal het (vanaf 385 tot 255). Dit beteken dat daar nou gemiddeld 130 minder dooplidmate per gemeente is en dat byna 'n kwart van die belydende lidmate in 2000 ouer as 60 jaar is. In die Wes-Kaap styg die gemiddelde grootte van gemeentes nog (Bisschoff & Schoeman 2003:15-16, 21). Drie respondente het nie die vraag voltooi nie.

**Opleidingsinstansie (Veranderlike 8)**

| OPLEIDINGSINSTANSIE | f | % | KS 2000 % |
|---|---|---|---|
| **Stellenbosch** | 89 | 45.41 | 51.2 |
| **Pretoria** | 85 | 43.37 | 36.0 |
| **Bloemfontein** | 22 | 11.22 | 11.5 |
| **Ander** | - | - | 1.3 |
| N | 196 | | |

**TABEL 43: OPLEIDINGSINSTANSIE**

Wat die verskillende universiteite waar die respondente afgestudeer het aanbetref, vertoon die resultate hier dieselfde profiel as Kerkspieël 2000 alhoewel daar afwykings is in die persentasies. Hierdie afwykings is waarskynlik beïnvloed deur die nie-respons. Die

steekproef is ook in terme hiervan verteenwoordigend van die predikante in die NG Kerk. In die vraelys is daar nie voorsiening gemaak vir ander opsies nie. Al die respondente het egter aangedui dat hulle by een van die genoemde instellings afstudeer het. In Kerkspieël 2000 word nie aangedui na watter instansie verwys word nie.

#### 4.5.2.2 Die vraelys

**Verdere Opleiding (Veranderlike 9)**

In die eerste vraag wat verband hou met die ondersoek word bepaal of en hoeveel van die respondente verdere formele opleiding t.o.v. die prediking ontvang het. Hier word aanvaar dat predikers wat moeite doen om verder toegerus te word erns maak met die prediking en dat hulle ook bereid sal wees om verder toegerus te word hierin. Net meer as die helfte (99 = 51.30% teenoor 94 = 48.70%) van die respondente het verdere formele opleiding (bv 'n BUVTON-, SEVTO- of VISTA-kursus) ontvang t.o.v. die prediking. Dit dui daarop dat die meeste predikante positief is oor verdere opleiding. Ongelukkig is daar nie in Kerkspieël 2000 aangedui hoeveel en watter kursusse t.o.v. die prediking aangebied is nie. Van die kursusse wat bygewoon is, handel die meeste oor gemeentebou (152 uit 396). Volgens Kerkspieël 2000 beskou die meeste predikante (gewig = 2.23 uit 10) die prediking as die hoogste prioriteit in hulle bediening en verder blyk dit dat die grootste rede vir die nie bywoning van kursusse m.o.o. verdere opleiding die inhoud (31.9 = altyd en 54.9 = soms) daarvan is (vgl Bisschoff & Schoeman 2003:60, 68, 69).

**Verdere lees oor die kerklike jaar (Veranderlike 10)**

Buiten formele opleiding is selfstandige nalees 'n belangrike toerustingsmiddel. Daar is ook baie omvangryke publikasies oor die kerklike jaar beskikbaar (vgl 1.7.1). Aangesien dit moeilik is om te bepaal of daar enigsins en indien wel, watter aandag die kerklike jaar in enige verdere opleiding ontvang, is hierdie vraag ingesluit om vas te stel of predikers van hierdie werke gelees het. Ietwat meer as die helfte van die respondente (106 = 54.36% teenoor 89 = 45.64%) het al een of meer omvangryke publikasies (dit is nie bloot populêre publikasies of byvoorbeeld briefwisseling in *Die Kerkbode* nie) oor die kerklike jaar gelees. Dit dui daarop dat hierdie predikante belangstel in die kerklike jaar en verder daaroor nalees.

**Gebruik van Leesroosters (Veranderlikes 11 - 14)**

| LEESROOSTER | GEREELD | | SOMS | | NOOIT | | RANGORDE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | |
| **RCL** | 80 | 40.82 | 57 | 29.08 | 59 | 30.1 | 1 |
| **Woordwyser** | 21 | 10.71 | 38 | 19.39 | 137 | 69.9 | 2 |
| **Ander** | 4 | 2.04 | 19 | 9.69 | 173 | 88.3 | 3 |
| **N** | **196** | | | | | | |

**TABEL 44: LEESROOSTERS**

Hierdie vraag is ingesluit om te bepaal in watter mate die respondente van leesroosters gebruik maak en van watter leesroosters gebruik gemaak word. Aangesien die RCL en Woordwyser prominente leesroosters in die NG Kerk is (vgl 1.7.1; 3.3.12), word spesifiek hieroor navraag gedoen. Daar is ook ruimte gelaat dat respondente kan aantoon watter leesroosters hulle gebruik indien hulle van ander leesroosters as die RCL en Woordwyser gebruik maak. Die meeste respondente wat 'n leesrooster gebruik, gebruik die RCL. Die Woordwyser word ook redelik gereeld gebruik. Ander leesroosters wat gebruik word, is aangedui as *Woord teen die Lig* (6x), die *C.B. Powellsentrum* se preekriglyne (1x), *Lewende Woorde* (1x), *Noord-Kaap sinode* (1x), asook leesroosters wat bloot aangedui is as "Engelse en Amerikaanse leesrooster" (1x), en 'n leesrooster wat die respondent self opgestel het (1x). Dit is interessant dat meer as tweederdes (69.90 % en 72.88%) van die respondente nooit van die Woordwyser of ander leesroosters as die RCL gebruik maak nie. Van die 59 (30.10%) respondente wat aangedui het dat hulle gereeld of soms van die Woordwyser gebruik maak, bevind 41 (69.49= %) hulle in die Transvaalse sinodale gebied.

In Kerkspieël 2000 word aangedui dat byna tweederdes van die gemeentes een of ander tyd (altyd = 19.8% en soms = 39.1%) die leesrooster as riglyn vir die inrigting van die eredienste en in die prediking gebruik. Ongelukkig word daar nie aangedui na watter leesrooster verwys word nie, maar dit verwys waarskynlik na die RCL in verband met BUVTON se publikasies wat in 2000 reeds wyd in die kerk bemark en gebruik is (Bisschoff & Schoeman 2003:33, 37). Die respons in hierdie ondersoek dui ook daarop.

**Gebruik van die kerklike jaar in die prediking, liturgie en ander gemeentelike aktiwiteite (Veranderlikes 15 tot 17)**

| VRAAG | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % |
| Het u gedurende 2002/2003 die kerklike jaar enigsins bewustelik in ag geneem in u **prediking**? | 190 | 96.94 | 6 | 3.06 |
| Het u gedurende 2002/2003 enigsins die **ander liturgiese momente** in die erediens laat aansluit by u tekskeuse en prediking? | 189 | 96.43 | 7 | 3.57 |
| Het u gedurende 2002/2003 **naas die eredienste** enige **ander gemeentelike aktiwiteite** beplan n.a.v. die kerklike jaar | 152 | 77.55 | 44 | 22.5 |
| **N** | 196 | | | |

**TABEL 45: DIE KERKLIKE JAAR IN DIE PREDIKING, LITURGIE EN ANDER GEMEENTELIKE AKTIWITEITE**

In die ondersoek word dit as 'n vertrekpunt aanvaar dat die kerklike jaar in die prediking en in die ander kommunikatiewe handelinge van die Christelike geloofsgemeenskap benut kan word. In hierdie vrae word ondersoek ingestel om te bepaal hoedanig daar op verskillende terreine bewustelik aandag geskenk word aan die kerklike jaar. Die meeste van die respondente het aangedui dat hulle die kerklike jaar bewustelik in ag geneem het in hulle prediking en dat hulle die liturgiese momente in die erediens laat aansluit by hulle tekskeuse en prediking. Meer as tweederdes van die respondente het ook aangedui dat die kerklike jaar in invloed het op ander gemeentelike aktiwiteite.

**Houding jeens en kennis aangaande die kerklike jaar (Veranderlikes 18 en 19)**

| VRAAG | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % |
| Sou u sê dat u houding jeens die kerklike jaar positief is? | 194 | 99.49 | 1 | 0.51 |
| Sou u sê dat u oor goeie kennis aangaande die kerklike jaar beskik? | 170 | 86.73 | 26 | 13.27 |

**TABEL 46: HOUDING JEENS EN KENNIS AANGAANDE DIE KERKLIKE JAAR**

Aangesien 'n prediker se houding jeens die kerklike jaar en kennis daarvan sal bepaal of hy / sy dit 'n rol gaan laat speel in die prediking en ander kommunikatiewe handelinge van die gemeente, is 'n vraag hieroor ook ingesluit. Verreweg die meeste predikers van die NG

Kerk se houding jeens die kerklike jaar is volgens die respons positief. Hiermee saam is hulle ook van mening dat hulle oor goeie kennis aangaande die kerklike jaar beskik. By die eerste vraag het een respondent nie sy houding aangedui nie. Die vraelys het nie voorsiening gemaak vir kommentaar nie en die rede hiervoor is dus onbekend. Of die kennis waaroor die respondente aangaande die kerklike jaar beskik goed is, is nie in die ondersoek getoets nie. Meer as tien persent van die respondente het aangedui dat hulle kennis aangaande die kerklike jaar nie goed is nie. Hoe dit ook al vertolk word, dui dit op 'n mate van disfunksionering m.b.t. die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk.

**Die waarde van doelbewustelike inagneming van die kerklike jaar en die bereid-willigheid om voortdurend aandag daaraan te gee (Veranderlikes 20-23)**

| VRAAG | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % |
| Meen u dat die doelbewuste inagneming van die kerklike jaar waarde kan inhou vir die **prediking**? | 195 | 99.49 | 1 | 0.51 |
| Meen u dat die doelbewuste inagneming van die kerklike jaar waarde kan inhou vir die **gemeentelike lewe en arbeid** (naas die prediking)? | 193 | 98.47 | 3 | 1.53 |
| Sou u bereid wees om op 'n langtermynbasis voortdurend in die **prediking** aandag te gee aan die kerklike jaar indien u behoorlike riglyne hiervoor sou ontvang? | 180 | 91.84 | 16 | 8.16 |
| Sou u bereid wees om op 'n langtermynbasis voortdurend in die **gemeentelike lewe en arbeid** (naas die prediking) aandag te gee aan die kerklike jaar indien u behoorlike riglyne hiervoor sou ontvang? | 177 | 90.77 | 18 | 9.23 |

**TABEL 47: DOELBEWUSTELIKE EN VOORTDURENDE INAGNEMING VAN DIE KERKLIKE JAAR**

Hierdie vraag is in 'n sekere mate 'n uitbreiding op die vorige vraag en vanselfsprekend. Die aanduiding dat soveel respondente van mening is dat die kerklike jaar waarde kan inhou in die prediking en die gemeentelike lewe en arbeid, bevestig die respons dat die meeste respondente positief is jeens die kerklike jaar. Die rede waarom minder respondente bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking en die gemeentelike lewe en arbeid aandag te gee aan die kerklike jaar indien u behoorlike riglyne hiervoor sou ontvang, alhoewel hulle van mening is dat die kerklike jaar waarde kan inhou hiervoor, is onbekend. By die eerste vraag het een respondent nie sy mening aangedui nie.

**Beïnvloeding van die prediking deur spesifieke inskrywings in die kerklike jaar (Veranderlikes 24-63)**

| INSKRYWING | N | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % |
| Jesus se besnydenis | 192 | 10 | 5.21 | 182 | 94.79 |
| Nuwejaarsdag | 193 | 159 | 82.38 | 34 | 17.62 |
| Epifanie | 194 | 127 | 65.46 | 67 | 34.54 |
| Jesus se doop | 196 | 76 | 38.78 | 120 | 61.22 |
| Jesus se presentasie in die Tempel / Ontmoeting met Simeon | 195 | 45 | 23.08 | 150 | 76.92 |
| Die Reiniging van Maria | 191 | 7 | 3.66 | 184 | 96.34 |
| Biddag vir Opvoeding en Onderwys | 196 | 114 | 58.16 | 82 | 41.84 |
| Wêreldbiddag | 196 | 108 | 55.1 | 88 | 44.9 |
| Menseregtedag | 195 | 45 | 23.08 | 150 | 76.92 |
| Die aankondiging aan Maria | 189 | 29 | 15.34 | 160 | 84.66 |
| Al die of enige van die Sondae in Lydenstyd (Uitgesluit Verheerlikingsondag) | 192 | 183 | 95.31 | 9 | 4.69 |
| Verheerlikingsondag | 193 | 129 | 66.84 | 64 | 33.16 |
| Paasfees / Opstandingsondag | 196 | 191 | 97.45 | 5 | 2.55 |
| Al die of enige van die Sondae in Paastyd | 195 | 189 | 96.92 | 6 | 3.08 |
| Pinkstersondag | 196 | 182 | 92.86 | 14 | 7.14 |
| Drie-eenheidsondag (Sondag Trinitatis) | 194 | 101 | 52.06 | 93 | 47.94 |
| Dag van Danksegging en Verootmoediging (Sondag naaste aan 6 April) | 194 | 84 | 43.3 | 110 | 56.7 |
| Vryheidsdag | 193 | 12 | 6.22 | 181 | 93.78 |
| Arbeidsondag | 194 | 41 | 21.13 | 153 | 78.87 |
| Die Visitasie by Elisabet | 193 | 10 | 5.18 | 183 | 94.82 |
| Omgewingsondag | 194 | 74 | 38.14 | 120 | 61.86 |
| Jeugdag | 193 | 72 | 37.31 | 121 | 62.69 |
| Geboortedag van Johannes die Doper | 193 | 17 | 8.81 | 176 | 91.19 |
| Nasionale Vrouedag | 194 | 60 | 30.93 | 134 | 69.07 |

| INSKRYWING | N | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % |
| **Sterfdag van Johannes die Doper** | 194 | 10 | 5.15 | 184 | 94.85 |
| **Erfenisdag** | 194 | 47 | 24.23 | 147 | 75.77 |
| **Biddag vir Jode** | 194 | 21 | 10.82 | 173 | 89.18 |
| **Biddag vir Gesondheidsdienste** | 193 | 52 | 26.94 | 141 | 73.06 |
| **Hervormingsondag** | 196 | 183 | 93.37 | 13 | 6.63 |
| **Christus die Koning - Sondag** | 194 | 104 | 53.61 | 90 | 46.93 |
| **Al die of enige van die Sondae in Advent** | 196 | 190 | 96.94 | 6 | 3.06 |
| **Biddag vir Beskermingsdienste** | 192 | 98 | 51.04 | 94 | 48.96 |
| **Versoeningsdag / Geloftedag** | 194 | 131 | 67.53 | 63 | 32.47 |
| **Kersfees** | 195 | 187 | 95.9 | 8 | 4.1 |
| **Welwillendheidsdag** | 193 | 41 | 21.24 | 152 | 78.76 |
| **Ou- / Nuwejaarsdiens** | 194 | 168 | 86.6 | 26 | 13.4 |
| **Moedersdag** | 194 | 107 | 55.15 | 87 | 44.85 |
| **Vadersdag** | 192 | 93 | 48.44 | 99 | 51.56 |
| **Sinodale Dank- en Biddag** | 194 | 102 | 52.58 | 92 | 47.42 |

**TABEL 48: PREDIKING EN SPESIFIEKE INSKRYWINGS IN DIE KERKLIKE JAAR**

Hierdie vraag is in 'n groot mate die primêre vraag in die empiriese ondersoek. Hier word geprobeer om vas te stel watter inskrywings in die kerklike jaar in die prediking aandag ontvang en in watter mate dit geskied. Verder word ondersoek ingestel of belangrike momente in die kerklike jaar die aandag geniet wat dit behoort te ontvang. Uit die aard van die saak kon al die inskrywings in die kalender van die kerklike jaar nie hier ingesluit word nie. Daarom is die primêre inskrywings in die lys ingesluit en daarnaas is inskrywings uit 'n breër definiëring van die kerklike jaar bygevoeg. Hierdie lys is chronologies vanaf 1 Januarie opgestel sodat daar nie prominensie aan enige van die inskrywings verleen is nie en respondente nie beïnvloed kon word nie.

Paasfees (97.45%) en die Sondae in Paastyd (96.92%), asook Kersfees (95.90%) en die Sondae in Adventstyd (96.94%), die Sondae in Lydenstyd (uitgesluit Verheerlikingsondag) (95.31%) en Pinkstersondag (92.86%) het die grootste invloed op die respondente

tekskeuses en prediking op Sondae. Die meeste van die respondente het hulle prediking verder laat beïnvloed deur Hervormingsondag (93.37%), Nuwejaarsdag (82.38%) en Versoeningsdag / Geloftedag (67.53%). Die feit dat hierdie geleenthede 'n groter invloed op die prediking het as Verheerlikingsondag (66.84%) en Epifanie (65.46%) en dat Moedersdag (55.15%) 'n groter invloed op die respondente se prediking het as Drie-eenheidsondag (52.06%) en Christus die Koning-Sondag (53.61%), dui ook op 'n mate van disfunksie in die prediking van die NG Kerk.

Die Christologiese dae (Jesus se besnydenis = 5.21%; Jesus se doop = 38.78%; Jesus se presentasie in die Tempel / Ontmoeting met Simeon = 23.08%) geniet nie veel aandag in die prediking nie en die Mariavieringe (Die Reiniging van Maria = 3.66%; Die aankondiging aan Maria = 15.34%; Die Visitasie by Elisabet = 5.18%) nog minder. Dieselfde geld die Geboortedag (8.81%) en die Sterfdag van Johannes die Doper (5.15%). Die Nasionale Vakansiedae het 'n matige invloed op die prediking van die respondente gehad. Jeugdag (37.31%) het die grootste invloed gehad en daarna Nasionale Vrouedag (30.93%), Erfenisdag (24.23%), Menseregtedag (23.08%), Welwillendheidsdag (21.24%) en Werkersdag (13.02%). Laasgenoemde en Arbeidsondag (21.13%) staan in 'n noue verband met mekaar en moet saam gereken word. Vryheidsdag (6.22%) het 'n geringe invloed op die prediking gehad. Dit is onseker of dit vanweë die feit dat dit saamgeval het met Paastyd en of daar 'n ander rede voor is.

Omgewingsondag (38.14%) het 'n invloed op meer as 'n derde van die respondente se prediking. Die meeste van die respondente het hulle prediking ook laat beïnvloed deur die onderskeie biddae (Biddag vir Opvoeding en Onderwys = 58.16%; Wêreldbiddag = 55.10%; Sinodale Dank- en Biddag = 52.58%; Biddag vir Beskermingsdienste = 51.04%; Dag van Danksegging en Verootmoediging = 43.30%; Biddag vir Gesondheidsdienste = 26.94% en die Biddag vir Jode = 10.82%).

**Beïnvloeding van die prediking deur geleenthede in die kerklike jaar wat nie op 'n Sondag val nie (Veranderlikes 64-69)**

| INSKRYWING | N | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % |
| **Aswoensdag** | 196 | 26 | 13.27 | 170 | 86.73 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Donderdag in Lydensweek** | 196 | 106 | 54.08 | 90 | 45.92 |
| **Goeie Vrydag** | 195 | 170 | 87.18 | 25 | 12.82 |
| **Gesinsdag** | 193 | 15 | 7.77 | 178 | 92.23 |
| **Hemelvaart** | 196 | 185 | 94.39 | 11 | 5.61 |
| **'n Pinksterbyeenkoms of Pinksterbyeen-komste** | 196 | 190 | 96.94 | 6 | 3.06 |

**TABEL 49: PREDIKING EN GELEENTHEDE WAT NIE OP 'n SONDAG VAL NIE**

Die doel met hierdie vraag is dieselfde as die vorige een, maar nou word dit toegespits op geleenthede wat prominent is in die kerklike jaar en nie op 'n Sondag val nie. Die hoë mate van respons t.o.v. Goeie Vrydag (87.18%), Hemelvaart (94.39%) en Pinksterbyeenkomste, stem ooreen met die prioriteit wat die hooffeeste volgens die ondersoek in die prediking geniet (en in behoort te geniet). Gesinsdag het waarskynlik 'n geringe invloed aangesien dit op die Maandag na Paasfees val. Dit is betekenisvol dat meer as die helfte van die respondente op die Donderdag voor Goeie Vrydag 'n bykomende geleentheid gereël het om die geleentheid te vier. Aswoensdag het volgens die respons nog nie 'n prominente plek in die gemeentelike program verkry nie. Alhoewel hierdie gegewe nie noodwendig as 'n disfunksie beskou hoef te word nie, verdien dit nogtans aandag vanweë die waarde wat dit vir die prediking (kan) inhou. Die respons dui aan dat daar predikante en gemeentes is wat dit reeds besef het en iets hieraan begin doen het. Wanneer hiedie vraag en die vorige een saam gelees word, is dit duidelik dat alhoewel die groot feeste in die kerklike jaar 'n invloed op die prediking in die NG Kerk het, hier tog ruimte vir verbetering bestaan.

**Beïnvloeding van die prediking deur geleenthede wat verband hou met gemeentelike arbeid (Veranderlikes 70-74)**

| GELEENTHEID | N | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % |
| **Doop** | 196 | 188 | 95.92 | 8 | 4.08 |
| **Nagmaal** | 196 | 190 | 96.94 | 6 | 3.06 |
| **Belydenisaflegging** | 196 | 189 | 96.43 | 7 | 3.57 |
| **Bevestiging van Kerkraadslede / Gemeen-telike leiers** | 196 | 164 | 83.67 | 32 | 16.33 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gemeente se verjaarsdag** | 194 | 77 | 39.69 | 117 | 60.31 |

**TABEL 50: PREDIKING EN GELEENTHEDE WAT VERBAND HOU MET GEMEENTELIKE ARBEID**

Naas die inskrywings in die kalender van die kerklike jaar, is daar ook ander geleenthede wat die prediking en die tekskeuse daarvoor, asook gemeentes se jaarprogramme beïnvloed. Hierdie vraag handel hieroor en die respons dui aan dat die respondente se tekskeuse en prediking elke keer baie sterk beïnvloed is deur die geleenthede wat hier aangedui word. In die volgende vraag word ook hierby aangesluit, maar dan lê die fokus daarop om vas te stel waar die swaartepunt in die keuse m.b.t. tekskeuse en prediking lê: by die kerklike jaar of by hierdie belangrike gemeentelike aktiwiteite.

**Voorkeure in die prediking m.b.t. die kerklike jaar en geleenthede wat verband hou met gemeentelike arbeid (Veranderlikes 75-79)**

| GELEENTHEID | N | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | f | % | f | % |
| **Doop** | 191 | 124 | 64.92 | 67 | 35.08 |
| **Nagmaal** | 191 | 142 | 74.35 | 49 | 25.65 |
| **Belydenisaflegging** | 190 | 146 | 76.84 | 44 | 23.16 |
| **Bevestiging van Kerkraadslede / Gemeenteleiers** | 190 | 97 | 51.05 | 93 | 48.95 |
| **Gemeente se verjaarsdag** | 189 | 39 | 20.63 | 150 | 79.37 |

**TABEL 51: VOORKEURE IN DIE PREDIKING M.B.T. DIE KERKLIKE JAAR EN GELEENTHEDE WAT VERBAND HOU MET GEMEENTELIKE ARBEID**

In hierdie vraag wil vasgestel word of geleenthede soos die bediening van die sakramente, openbare Belydenisaflegging en die bevestiging van Kerkraadslede / gemeentelike leiers 'n groter invloed op die tekskeuse en die prediking van die respondente gehad as die inskrywing van die kerklike jaar wat daarmee saamval. Die respons dui aan dat hierdie geleenthede meer as die helfte van die tyd 'n groter invloed op die tekskeuse en die prediking van die respondente gehad het as die inskrywing wat verband hou met die kerklike jaar. Dit is slegs andersom wanneer die gemeente se verjaarsdag en 'n inskrywing van die kerklike jaar met mekaar saamval.

**Bediening van die doop (Veranderlike 80)**

Aangesien die NG Kerk regoor die land versprei lê en alhoewel elke gemeente volledig kerk is, is daar tog 'n behoefte aan koördinering en skakeling tussen gemeentes. Aangesien die bediening van die doop, naas die gemeentelike karakter daarvan ook 'n familie-aangeleentheid is, kan 'n afspraak tussen gemeentes, om byvoorbeeld op die eerste Sondag van die maand te doop, lidmate en gemeentes in staat stel om in 'n mate gekoördineerd te werk. Verskeie gemeentes bedien die doop elke keer op die eerste Sondag van die maand en hierdie vraag is ingesluit om te bepaal hoe ver hierdie gebruik strek. Uit die respons blyk dit dat amper tweederdes (129 = 65.82 teenoor 67 = 34.18%) van die gemeentes op die eerste Sondag van die maand die doop bedien.

**Kalenders met gemeentes se jaarprogramme daarop (Veranderlike 81)**

Die vermoede bestaan dat 'n kalender waarop die gemeente se jaarprogram aangedui word 'n invloed op die ingesteldheid van die gemeente m.b.t. die gemeente se werksaamhede het en dat dit gebruik kan word om lidmate van die kerklike jaar bewus te maak. Dié vraag is ingesluit om te bepaal in watter mate gemeentes hiervan gebruik maak. Hier is vasgestel dat amper al die gemeentes in die NG Kerk (192 = 97.96% teenoor 4 = 2.04%) 'n kalender met die gemeente se jaarprogram aan lidmate verskaf.

**Die skoolkalender en gemeentelike aktiwiteite (Veranderlike 82)**

Aangesien van die groot momente in die kerklike jaar (bv Kersfees en Paasfees) gedurende skoolvakansies val en die vermoede bestaan dat die vloei van en onderbrekings in die kalenderjaar 'n effek het op die werksaamhede van die gemeente, word hierdie vermoede in hierdie vraag ondersoek. Die vermoede is bevestig, aangesien meer as negentig persent (181 = 92.82%) van die respondente aangedui het dat hulle gemeentes se aktiwiteite afneem tydens die skoolvakansies. Hierteenoor neem 14 gemeentes (7.18%) se aktiwiteite volgens die respondente nie af nie. Ook hier blyk daar 'n mate van disfunksionering t.o.v. die kerklike jaar in die prediking te wees.

**Ou- / Nuwejaarsdiens (Veranderlike 83)**

Die doel van hierdie vraag was om die praktyk t.o.v. die hou van 'n Ou- / Nuwejaarsdiens in die kerklike praktyk na te speur (vgl 3.6.9.2). Van die respondente het 180 (= 91.84%) aangedui dat so 'n diens gehou is en 16 (= 8.16%) dat hulle dit nie doen nie.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

### 4.5.3 INLIGTING VERKRY UIT TWEERIGTING-FREKWENSIES

Die doel met hierdie fase van die empiriese ondersoek, is om *vergelykings te tref* en sodoende te soek na *breër verbande / verskille* in die hantering van die statistiese gegewens. Tweerigting-frekwensies dui op die vergelyking van een fasset (bv die universiteit waar 'n prediker studeer het) van die steekproef met 'n ander (bv die leesrooster wat die prediker gebruik) en is 'n waardevolle hulpmiddel om sulke verbande en/of verskille mee aan te toon.

Vanweë die verkennende aard van die ondersoek en die feit dat die vermoede dat daar 'n disfunksie bestaan t.o.v. die kerklike jaar in die prediking reeds in die eenrigting-frekwensies aangetoon is, moes hier telkens gefokus word op die skopus van die ondersoek. Die repons het talle ander interessanthede opgelewer waaroor hier verslag gedoen sou kon word. Alhoewel hier dus oor veel meer verslag gelewer sou kon word, moes die veranderlikes wat hierin met mekaar in verband gebring is, hiertoe beperk word om die hipoteses te bevestig en die belangrikste tendense aan te toon.

**a) Respondente se gebruik van leesroosters en hulle kennis aangaande die kerklike jaar**

Hier is reeds vasgestel dat 170 van die respondente (= 86.73%) aangedui het dat hulle oor goeie kennis aangaande die kerklike jaar beskik en ook dat die respondente wat van leesroosters gebruik maak meer is as die wat nie daarvan gebruik maak nie. Die verband tussen die gebruik van leesroosters die kennis van respondente aangaande die kerklike jaar word ondersoek om vas te stel of daar enige beduidende verhouding tussen hierdie veranderlikes bestaan.

| LEESROOSTER | N | f | % | p-waarde |
|---|---|---|---|---|
| **Revised Common Lectionary** | **137** | 18 | 13.13 | **0.0189** |
| **Woordwyser** | **59** | 5 | 8.47 | **0.4242** |
| **Ander Leesrooster** | **23** | 4 | 17.39 | **0.4364** |

**TABEL 52: RESPONDENTE WAT 'n LEESROOSTER GEBRUIK EN NIE OOR GOEIE KENNIS OOR DIE KERKLIKE JAAR BESKIK NIE**

Agtien van die respondente (m.a.w. 13%) wat die RCL gereeld of soms gebruik, het aangedui dat hulle nie oor 'n goeie kennis aangaande die kerklike jaar beskik nie. Die p-waarde in hierdie verband is <0.0189 en dui aan dat daar 'n statisties betekenisvolle verskil

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

is tussen die kennis oor die kerlike jaar en die gebruik van die RCL. Die lae frekwensie in die gebruik van die Woordwyser en ander leesroosters kan 'n rede wees dat daar nie 'n statisties betekenisvolle verskil is tussen hierdie veranderlikes nie.

**b) Respondente se gebruik van leesroosters en hulle bereidwilligheid om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar**

| LEESROOSTER | N | f | % | p-waarde |
|---|---|---|---|---|
| **Revised Common Lectionary** | **137** | 11 | 8.02 | **0.0197** |
| **Woordwyser** | **59** | 1 | 1.69 | **0.0891** |
| **Ander Leesrooster** | **23** | 2 | 8.69 | **0.7795** |

**TABEL 53: RESPONDENTE WAT 'n LEESROOSTER GEBRUIK EN NIE BEREID IS OM OP 'N LANGTERMYNBASIS VOORTDUREND IN DIE PRE-DIKING AANDAG TE GEE AAN DIE KERKLIKE JAAR NIE**

Dertien van die respondente wat gereeld of soms van leesroosters gebruik maak is nie bereid om op 'n langtermynbasis vootdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar indien hulle riglyne hiervoor sou ontvang nie. Daar is 'n statisties betekenis-volle verband (p-waarde = 0.0197) tussen die respondente wat die RCL gebruik en die respons dat hulle nie bereid is om so te doen nie. Wat die rede hiervoor is, is onbekend, maar dit probleem lê waarskynlik nie slegs by die feit dat hierdie respondente die RCL gebruik nie. Om enige probleme m.b.t. die kerklike jaar in die prediking per se aan die gebruik van leesroosters toe te skryf, sal nie 'n juiste verklaring hiervoor wees nie en op spekulasie berus.

**c) Probleme met betrekking tot 'n bereidwilligheid om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar indien behoorlike riglyne hiervoor gegee sou word**

Aangesien die verbetering van die praktyk m.b.t. die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk direk verband hou met die bereidwilligheid van die predikers om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar, veral indien hulle behoorlike riglyne hiervoor sou ontvang, word daar vervolgens probeer om d.m.v. tweerigting-frekwensies dieper in te gaan op dié probleem. In die algemene

rapportering van die navorsingsresultate is reeds aangedui dat 16 (= 8.16%) van die respondente nie bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar nie. Die redes hiervoor word nie aangedui nie, maar d.m.v. tweerigting-frekwensies kan heelwat afgelei word hieroor.

Die respondente wat aangedui het dat hulle nie bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar nie, vertoon die volgende profiel m.b.t. ouderdom, die aantal jare wat hulle in die gemeentelike bediening is, die sinodale gebiede waarin hulle werksaam is, die tipe gemeente waarin hulle werksaam is en die universiteite waar hulle afstudeer het:

| VERANDERLIKE | N | f | % | p-waarde |
|---|---|---|---|---|
| **OUDERDOMSGROEP** | | | | **0.6202** |
| **26 tot 39 jaar** | 40 | 2 | 5 | |
| **40 tot 49 jaar** | 93 | 10 | 10.75 | |
| **50 tot 59 jaar** | 52 | 3 | 5.77 | |
| **60 tot 66 jaar** | 11 | 1 | 9.09 | |
| **AANTAL JARE IN DIE BEDIENING** | | | | **0.2135** |
| **2 tot 9 jaar** | 30 | - | - | |
| **10 tot 19 jaar** | 83 | 10 | 12.05 | |
| **20 tot 29 jaar** | 66 | 5 | 7.58 | |
| **30 tot 42 jaar** | 17 | 1 | 5.88 | |
| **SINODALE GEBIED** | | | | **0.6091** |
| **Kaapse sinodes** | 72 | 6 | 8.33 | |
| **Natal en Oranje-Vrystaat** | 33 | 4 | 12.12 | |
| **Transvaalse sinodes** | 91 | 6 | 6.59 | |
| **TIPE GEMEENTE** | | | | **0.864** |
| **Klein platteland** | 30 | 1 | 3.33 | |
| **Platteland** | 41 | 2 | 4.88 | |
| **Groot dorp** | 53 | 3 | 5.66 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Woonstel** | 8 | 2 | 25 | |
| **Voorstad** | 64 | 8 | 12.5 | |
| **GROOTTE VAN GEMEENTE** | | | | **0.4899** |
| **tot 140** | 1 | - | - | |
| **150 tot 799** | 62 | 2 | 3.23 | |
| **800 tot 1 499** | 53 | 6 | 11.32 | |
| **1 500 tot 2 999** | 60 | 4 | 6.67 | |
| **3 000+** | 17 | 2 | 11.76 | |
| **OPLEIDINGSINSTANSIE** | | | | **0.1474** |
| **Stellenbosch** | 89 | 11 | 12.36 | |
| **Pretoria** | 85 | 4 | 4.71 | |
| **Bloemfontein** | 22 | 1 | 4.55 | |

**TABEL 54: RESPONDENTE WAT NIE BEREID IS OM OP 'n LANGTERMYNBASIS IN DIE PREDIKING AANDAG TE GEE AAN DIE KERKLIKE JAAR NIE EN ANDER VERANDERLIKES**

Statisties is hier nie 'n betekenisvolle verskil tussen enige van die veranderlikes en die respons t.o.v. die feit dat sommige van die respondente nie bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar nie, behalwe by gebruikers van die RCL, soos wat dit reeds aangedui is. Die redes waarom die respondente nie bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar nie, is dus onseker. Deur die empiriese ondersoek is egter wel aangetoon dat nie enige van hierdie veranderlikes die rede is vir hierdie tendens nie.

**d) Respondente se houding teenoor die kerklike jaar en die effek daarvan op die respons**

Slegs een respondent (= 0.51%) het aangedui dat sy / haar houding jeens die kerklike jaar negatief is. Hierdie resondent het aan die Universiteit van Stellenbosch afgestudeer, verdere formele opleiding in die prediking ontvang en al een of meer omvangryke publikasies oor die kerklike jaar gelees. Ten spyte hiervan en alhoewel die respondent ook soms gebruik maak van die RCL en die Woordwyser, het hy aangedui dat hy nie oor goeie kennis aangaande die kerklike jaar beskik nie. Die enigste geleenthede in die kerklike jaar wat 'n invloed op die respondent se tekskeuse en prediking gehad het, is Nuwejaarsdag,

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

die Sondae in Lydenstyd, Paasfees, die Sondae in Paastyd, Hervormingsondag, die Sondae in Advent en Kersfees, asook Goeie Vrydag en Hemelvaart. Die respondent het ('n) pinksterbyeenkoms(te) gehou en geleenthede soos die bediening van die sakramente, openbare Belydenisaflegging en die bevestiging van Kerkraadslede / gemeentelike leiers het 'n groter invloed op die tekskeuse en die prediking van die respondente gehad as die inskrywing van die kerklike jaar wat daarmee saamval. Dit blyk dus dat 'n prediker se houding jeens die kerklike jaar 'n beduidende invloed het op die kerklike jaar in sy / haar prediking.

### 4.5.4 Leemtes in die ondersoek

Een van die grootste leemtes in die ondersoek is dat daar nie meer vrae gevra kon word nie, anders sou die vraelys te lank wees. Dit sou van meer as net akademiese belang kon wees indien daar op sekere aspekte nog nader ingegaan kon word. Van die vrae wat nog gestel kon word - alhoewel dit geen invloed op die bevestiging of afwysing van die hipoteses sou gehad het nie, maar dit wel kon toelig - is byvoorbeeld na watter kursusse oor die prediking deur respondente bygewoon is en watter publikasies hulle gelees het. Verder kon ook gevra gewees het hoe hulle die leesroosters wat hulle gebruik beleef het, watter aktiwiteite hulle naas die prediking en die erediens n.a.v. die kerklike jaar in hulle gemeentes het en watter hulpmiddels hulle gebruik by hulle prediking oor die kerklike jaar. Al hierdie vrae val egter buite die skopus van hierdie ondersoek, maar kan gerus deur verdere studie ondersoek word. Dit sal ook interessant wees om te sien wat die reslutate van 'n toetsing van die respondente se werklike kennis oor die kerklike jaar sou wees. Indien dit gedoen kon word, sou verdere alternatiewe hipoteses gestel en getoets kon word in die studie. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar egter genoeg inligting versamel.

## 4.6 SAMEVATTING EN INTERPRETASIE

Die resultate van die empiriese ondersoek het genoeg inligting versamel om te bevestig dat die basiese navorsingsvermoede, soos dit gestel is in die basiese hipotese van die studie, waar is: *Die gedeeltelike disfunksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk noodsaak sekere aanpassings* (vgl 1.4). Die nulhipotese van die studie, naamlik *Daar bestaan nie 'n probleem wat betref die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk nie*, is reeds in die algemene rapport afgewys en bevestig deur die tweerigting-frekwensies.

### 4.6.1 *Nie* al die inskrywings in die kerklike jaar het 'n beduidende invloed op die tekskeuse en prediking van die NG Kerk *nie*.

Dit was verblydend om te sien dat die hooffeeste in die kerklike jaar en selfs geleenthede soos Hervormingsondag, Nuwejaarsdag en Versoeningsdag / Geloftedag, 'n beduidende invloed op die tekskeuse en prediking van die NG Kerk het (vgl tabel 49). Die aanduiding dat belangrike geleenthede in die kerklike jaar, soos Verheerliking-, Drie-eenheid- en Christus die Koning-Sondag 'n mindere invloed as byvoorbeeld Moedersdag op die respondente se prediking het, is ongelukkig omdat dit beteken dat byna 'n derde van die hoorders wat op Sondae deur die respondente beïnvloed word, nie aan die betekenisvolle aspekte wat hierdie geleenthede op God en die heil bied blootgestel word nie.

Indien 'n beduidende invloed op die tekskeuse en prediking as so min as sewentig persent (138 uit 196 respondente) gereken sou word, sou Epifanie, Verheerliking-, Drie-eenheid- en Christus die Koning-Sondag nie 'n beduidende invloed hierop gehad het nie. Die invloed wat Christologiese dae hierop het is nog minder, alhoewel meer as 'n derde van die respondente beïnvloed is deur Jesus se doop. Die invloed van die nasionale vieringsdae het ook nie 'n beduidende invloed op die tekskeuse en prediking nie en alhoewel gewilde biddae (bv die Biddag vir Opvoeding en Onderwys, Wêreldbiddag, die Sinodale Dank- en Biddag en die Biddag vir Beskermingsdienste) meer as vyftig persent van die respondente se tekskeuse en prediking beïnvloed, is hierdie invloed ook nie beduidend nie. Die geleentheid wat deur hierdie geleenthede gebied word om verskeie belangrike aksente wat in die prediking na vore gebring behoort te word, gaan dus by die respondente - en die hoorders - verby.

### 4.6.2 Wanneer inskrywings in die kerklike jaar en ander geleenthede met mekaar saamval, *geniet* die inskrywing in die kerklike jaar *nie* voorkeur *nie*.

Indien daar nie 'n probleem met die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk sou bestaan nie, sou die inskrywings in die kerklike jaar voorkeur geniet het wanneer dit met ander geleenthede saamval. In die ondersoek het dit geblyk dat ook hierdie werkshipotese nie waar is nie. Geleenthede soos die bediening van die sakramente, openbare belydenis-aflegging en die bevestiging van kerkraadslede / gemeentelike leiers het almal 'n invloed op die respondente se tekskeuse en die prediking gehad en wanneer hierdie geleenthede

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

met inskrywings van die kerklike jaar saamgeval het, het hierdie geleenthede meermale voorkeur geniet bo die inskrywings van die kerklike jaar.

Dit is slegs anders wat die gemeente se verjaardag aanbetref, alhoewel amper veertig persent van die respondente aangedui het dat hierdie geleentheid hulle tekskeuse en prediking beïnvloed het. Van hierdie respondente het byna tagtig persent voorkeur aan die geleentheid in die kerklike jaar waarmee dit saamgeval het verleen. Ook hierdie werkshipotese is dus afgewys, maar in die proses is dit bevestig dat daar beplanning nodig is om belangrike geleenthede in die kerklike jaar en die gemeentelike lewe en arbeid met mekaar te koördineer.

### 4.6.3 *Nie* al die predikers van die NG Kerk is bereid om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar indien hulle behoorlike riglyne daarvoor sou ontvang *nie*.

Ook hierdie werkshipotese is gevalsifiseer aangesien nie al die predikers van die NG Kerk bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking en die gemeentelike lewe en arbeid aandag te gee aan die kerklike jaar indien hulle behoorlike riglyne daarvoor sou ontvang nie. Dit is egter verblydend dat meer as negentig persent van die respondente wél bereid is om dit te doen. Dit is verder positief dat meer as negentig persent van die respondente ook bereid is om ook op 'n langtermynbasis voortdurend in die gemeentelike lewe en arbeid aandag te gee aan die kerklike jaar indien hulle behoorlike riglyne daarvoor sou ontvang. Alhoewel die werkshipotese afgewys is, dui die respons hierin tog ook daarop dat die respondente bereid is om meer te maak van die kerklike jaar in hulle gemeentelike bediening, veral as hulle in die proses begelei sou word.

### 4.6.4 'n Behoefte aan begeleiding

Om reg te laat geskied aan die kerklike jaar en meer te maak daarvan in die prediking en die gemeentelike lewe en arbeid, is begeleiding nodig. Meer as die helfte van die respondente het verdere opleiding t.o.v. die prediking ontvang en ook alreeds verder nagelees oor die kerklike jaar. Meer as tien persent van die respondente het self aangedui dat hulle kennis oor die kerklike jaar nie goed is nie. Sonder dat die ander respondente se werklike kennis hieroor getoets is, het die respons daarop gedui dat predikers in die NG

Kerk 'n probleem het om die kerklike jaar (en hulle kennis daaromtrent) in hulle prediking te integreer, nie net wat die ander inskrywings op die kalender as die hooffeeste aanbetref nie, maar veral ook wanneer dit saamval met ander geleenthede wat belangrik is vir die gemeentelike lewe en arbeid.

In die empiriese ondersoek het dit ook geblyk dat leesroosters 'n belangrike plek inneem in die kerklike jaar en die prediking. Sedert die Kerkspieël-ondersoek van 2000, het die frekwensie in die gebruik van leesroosters volgens hierdie ondersoek toegeneem. In die begeleiding van predikiers moet die rol wat leesroosters kan speel in die uitbreiding van kennis, toepassingsmoontlikhede en meer aanbetref, dus nie onderskat word nie. In die ondersoek het dit verder aan die lig gekom dat faktore soos ouderdom, aantal jare in die bediening en so meer nie 'n beduidende rol speel in die funksionering of disfunksie van die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk nie en die enigste beduidende belemmerende faktor hierin, blyk die houding van predikers jeens die kerklike jaar te wees.

Die behoefte aan begeleiding moet saamgelees word met die aanduiding in die Kerkspieël 2000-ondersoek dat 66 respondente daarin aangedui het dat die kerk hulle kan help deur bedieningsgerigte toerustingskursusse aan te bied. Buiten kursusse kan ook gebruik gemaak word van rekenaarprogramme en die internet, aangesien 87.9% van die predikante in die NG Kerk oor 'n persoonlike rekenaar beskik en 56.3% ingeskakel is by die internet. Die gegewe dat 22.7% van die kerkraadslede wat aan die Kerkspieël 2000-ondersoek deelgeneem het beslis daarmee saamstem en 55.3% daarmee saamstem dat hulle hulleself bevoeg voel om die prediking te evalueer, maak hierdie behoefte aan begeleiding nog meer aktueel (vgl Bisschoff & Schoeman 2003:66, 74, 98).

Vedere inligting kon ook uit die datastel versamel word, maar vir die doelstellings van hierdie ondersoek was die inligting waarvan hier verslag gedoen is voldoende om die hipoteses te toets en verdere verbande te ondersoek. Ten minste hierdie gegewens en die implikasies daarvan behoort verreken te word in die verstellings aan die praxis waarin die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk geïntegreer word in 'n verstelde praktykteorie. Hieraan word in die volgende hoofstuk aandag geskenk.